

GENESIS 1—3¹ EN DIE HEDENDAAGSE GESAGSKRISIS*

Prof. J. L. Helberg

DIT gaan in ons tyd in 'n besondere mate om 'n gesagskrisis. Hierdie krisis sluit ten nouste aan by die Skrifgesag, maar raak ook die gesag in die algemeen. Die vraag is hier van pas of ons nie dalk van die gesagskwessie te veel 'n akademiese saak maak nie. Enersyds is die gevolg van so iets dat die hele saak betreffende Skrifgesag bloot as 'n stryd tussen teoloë gesien word waarby die ander gelowiges onbetrokke is. Andersyds kan dit die gevolg hê dat daar by ons as teoloë en ander gelowiges praktiese verwerping van die Skrifgesag is hoewel ons die gesag akademies of teoreties wel erken. Daarom moet daar breër by die gesagskwessie aangesluit en dan ook sekere lyne na die Skrifgesag getrek word. Slegs 'n paar aspekte word hier na vore gebring, veral in aansluiting by Gen. 1—3, maar ook by die verdere verband van die Ou Testament.

Hedendaagse tendense in die beskouing oor gesag, en veral Skrifgesag²

Ek wil die aandag op vier aspekte in verband met gesag en veral Skrifgesag, vestig, nl. eerstens dat die mens God vandag veral sien as sy vennoot of „partner”. Dit geld in die gewone gesagsbeoefening³ sowel as die benadering van die Skrifgesag. Die mens is dan 'n sogenaamde mondige vennoot van God. Die tweede saak raak die realiteit van die sonde, en meer bepaald die absoluutheid van die mens se sondigheid, die erns van sy verlorenheid. Dit word te veel misken, met die gevolg dat die erns van verlossing en die prys van verlossing nie ernstig genoeg geneem word nie. Daar word nie voldoende erns gemaak met die wesenlike verandering wat by 'n mens intree wanneer jy verlos is nie, en daarom ook nie met die wesenlike verskil tussen gelowiges en ongelowiges, tussen kerk en wêreld, nie. Die derde saak is die hedendaagse eksistensialistiese wyse van benadering van gesag en ook van Skrifgesag, wat myns insiens nie wesenlik verskil van die mitologiese benadering wat millennia gelede by oud-Israel se bure voorgekom het nie. Vierdens is daar 'n sosialistiese gesagsbeskouing, ook 'n sosialistiese Skrifbeskouing, te bespeur.

Om saam te vat: 'n grootskaalse opheffing van grense; en gesag met grense. Eerstens is daar die uitwissing van grense tussen God en mens: God as 'n „partner”. Tweedens, die uitwissing van die grens tussen heilig en sondig: die gebrek aan erkenning van die realiteit van die sonde. Derdens, die uitwissing van die grense tussen die verlede, hede en toekoms: eksistensialisties-mitologies. En vierdens, die uitwissing van die grense tussen die enkeling en groep: die enkeling word op 'n sosialistiese wyse opgesluk in die groep. Hierdie is fasette wat in die volgende bespreking van die gesagskwessie aangeraak word, al is dit net implisiet.

Die Skrif begin met die gesagkwestie

Die Skrif begin met die kwessie van gesag, nl. die verbod op die eet van die boom van kennis van goed en kwaad en die gebeurtenisse daaromheen. Dit gaan daar om God se absolute gesag, sy absolute seggenskap oor die mens en alles wat die mens is of het. Dit raak ook die Woord van God. Genesis 1 begin al met die Woord: telkens staan daar: „en God het gesê...”

Die evangelis Johannes sê dat alle dinge deur die Woord geskape is (Joh. 1). Maar ook wanneer God die mens daar in die tuin van Eden tot verantwoording roep, gaan dit om die Woord, om God se seggenskap. Hy vra: „het jy geëet van die boom waarvan ek jou beveel het om nie te eet nie?” Maar dit is nie ’n abstrakte en onpersoonlike seggenskap nie, dit handel ook oor ’n *verhouding tussen God en mens*.⁴

Dit gaan om God se absolute heerskappy enersyds, sy koninkryksheerskappy, maar dan sluit dit juis ’n verhouding tussen God en die mens in wat nie net juridies van aard is nie. Die Skrif begin wel met die absolute seggenskap van God, sy soewereiniteit: God as die skepper van hemel en aarde, dit wil sê alle dinge. Die mens ontvang opdragte van God en selfs ’n ongemotiveerde verbod. Waarom mag hy nie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie? Die antwoord is: om geen ander rede nie as dat God dit gesê het. Hier blyk God se absolute, onvoorwaardelike seggenskap. Die mens is in hierdie hoofstukke van Genesis geen „partner” van God nie. Daar is geen inisiatief van die mens nie, in elk geval nie teenoor God nie. Hier gaan dit telkens daarom dat God opdragte gee en die mens dit moet uitvoer. Tog gaan dit om die verhouding God en mens, en dit wel as ’n baie intieme verhouding. Dit gaan dus sowel om God se soewereiniteit as sy gemeenskap met die mens. God skep die mens na sy beeld, die mens is ’n afbeelding van God, ’n skadubeeld van God. God skep hom deur hom die asem van die lewe in te blaas, met ander woorde God skep hom op ’n persoonlike en intieme manier. Die verhouding tussen God en mens is dus enersyds intiemer as die van vennootskap, of „partner”-skap. Maar dit is andersyds ten volle ’n afhanklikheidsverhouding wat die mens se kant betref. Dit is die verhouding van ’n kind tot sy vader.⁵

Hierdie soewereiniteit en die gemeenskap is en word *deur die mens misken*. Dit is reeds die geval by die boom van die kennis van goed en kwaad. Die naam sê al dat dit nie om die vrugte van die boom gegaan het nie, naamlik dat daar iets in sy vrugte verkeerd was nie. Die naam dui daarop dat dit om ’n verhouding gaan. Dit gaan nie bloot om die boom nie, maar die mens se verhouding tot God. Die antwoord op die mens se vraag: Waarom mag ek nie van die boom eet nie? is dus: omdat God dit gesê het. Dit is ’n verhoudingskwessie. Maar die vrou maak daarvan ’n onpersoonlike saak. Sy „sien dat die boom goed is om van te eet, dat hy begeerlik is vir die oë, dat hy ’n boom is wat ’n mens kan begeer om kennis te verkry”. Daarom eet sy van die boom, en so ook die man.

Die boom word dus deur die man en die vrou as iets op homself gesien. Daar is *ongehoorsaamheid* by hulle, maar ook ’n mis-

kenning van die persoonlike verhouding tot God in hierdie saak. Dit is 'n verselfstandiging, 'n verobjektivering van die vrug van die boom, met die gevolg dat dit los van die verhouding tot God gesien word. Dit is tegelykertyd 'n miskenning van die soewereiniteit van God en van die mens se gemeenskap met God.

Daarmee word ons by hierdie belangrike feit gebring dat dit in die tuin van Eden by die sonde van die mens om ongehoorsaamheid gaan, maar ook om meer, naamlik om *ongeloof*. Die mens het nie vertrou in God nie, die vertrou om hom geheel en al op God te verlaat nie. In die plek van vertrou kom daar wantroue. Nog 'n ander aspek waarom dit gaan, is *dankbaarheid*. Dit gaan in hierdie gesagskwessie nie net om ongehoorsaamheid nie, nie net om 'n juridiese saak nie, maar ook om ondankbaarheid. Want daar gaan ook openbaringshistories iets belangriks vooraf aan die mens se oortreding en God se opdrag dat die mens nie van hierdie boom moet eet nie. Die mens het hier naamlik nie te doen gehad met 'n onbekende God wat hom hierdie verbod opgelê het nie, maar met 'n bekende God. In Gen. 2 : 17, 18 word 'n direkte skakeling gemaak tussen God se verbod: „jy mag van hierdie boom nie eet nie”, en God se openbaring dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, maar dat Hy vir hom 'n hulp sal maak wat by hom pas. As die mens die ongemotiveerde verbod kry dat hy nie van daardie boom mag eet nie, ontvang hy dit dus van 'n God wat hy al reeds ken as die God wat al sy behoeftes raaksien en daarin vir hom sorg. Uit sy dankbaarheid kan die mens hom dus in volle vertrou op hierdie soewereiniteit van God verlaat. Dit is geen sprong in die duister nie.⁶

Dit bring ons by 'n belangrike saak in verband met die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament. Ons moet nie 'n skeiding maak tussen Ou en Nuwe Testament asof die Ou Testament die wet verkondig en die Nuwe Testament die evangelie nie. Hierdie feit verdien nadruk, want 'n mens hoor nogal soms selfs in ons Gereformeerde prediking klanke wat wel daardie skeiding maak. Reeds in die tuin van Eden gaan dit egter nie alleen om gehoorsaamheid nie, maar ook om dankbaarheid. Ook as die wet by Sinai gegee word, gaan dit nie bloot om gehoorsaamheid nie. Die inleiding tot die wet is: „Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het”. God sê met ander woorde: Ek is die God wat jou verlos het; uit dankbaarheid moet jy hierdie geboorte van my nakom. As 'n mens wil sien wat die Israeliet van die wet gedink het, kan jy maar net Ps. 1, 19, 119 lees. Die wet was 'n saak van die Israeliet se dankbaarheid, van sy vreugde. So was die gesag van God vir die gelowige Israeliet. Dit was iets wat hy met dankbaarheid en vertrou benader het. Ons moet veel meer maak van die dankbaarheid en die Skrif nie te veel vanuit 'n juridiese aspek benader nie. By al die waardering wat ons vir 'n beklemtoning van gehoorsaamheid aan die wet het, moet ons tog oppas vir 'n praktiese beoefening van 'n teologie van gehoorsaamheid.⁷

'n Ander aspek is die menslike gesag. Dit word hier net in die verbygaan aangeraak. As selfs God sy gesag so uitoeven dat die

dankbaarheid by die mens ter sprake kom, hoeveel te meer moet óns dankbaarheid by die mens ter sprake kom, hoeveel te meer moet óns gesagsuitoefening so wees. Ons durf nie net juridies op gehoorsaamheid aanspraak maak nie, maar ons gesagsuitoefening moet so wees dat ons met reg op dankbaarheid kan aanspraak maak. Dit hou in dat ons in die benadering van gesag in die algemeen nie net daarop moet hamer dat daar gehoorsaamheid en onderwerping moet wees nie. Die owerheid en almal wat gesag uitoefen, moet ook aangespreek word sodat hulle gesagsuitoefening meer behels as om hulle op 'n formele juridiese reg te beroep. Dit geld ook van gesagsuitoefening oor kinders en oor alle onderhoriges. Nie net dát sommige mense met gesag beklee is, is belangrik nie, maar ook wát hulle daarin teenoor ander moet doen en hóé hulle dit moet doen.

Gesag, kennis, lewe en dood

Heel aan die begin van die Skrif en die geskiedenis gaan dit al om gesag. Dit hang ten nouste saam met kennis, want dit draai daar om die boom van die kennis van goeden kwaad. Dit hang ook saam met lewe en dood, want die waarskuwing lui: „as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe”. In hierdie saak gaan dit om hoe die mens sy kennis sal beoefen. Dit gaan nie daarom dat die mens meer kennis sou krý as hy van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet nie. God het nie 'n beperking op die mens se kennis gelê nie. God het nie sekere kennis in reserwe gehou nie. Nee, dit gaan om die vraag of die mens sy kennis sal beoefen in onderworpenheid aan God of nie, om die vraag of hy God sal laat beslis wat reg en verkeerd is, wat vir hom goed en kwaad is, of nie. Die mens kan voluit sy kennis beoefen, voluit navorsing doen, voluit wetenskap beoefen.⁸ Trouens die mens hét die wetenskap beoefen: in Genesis 2, nog voor die sondeval, word gesê dat die diere presies so genocm is as die name wat die mens aan hulle gegee het. Om diere name te kan gee, vereis die diepste deurskouing van daardie diere in hulle wese en die formulering daarvan in 'n naam.

'n Sondige bedeling met 'n paradoksale karakter

Ons leef in 'n sondige bedeling, sê hierdie eerste hoofstukke van Genesis vir ons. Die mens en die wêreld het in sonde geval. Daarom het die dood ingetree. Die dood kom as 'n juridiese straf van God op die sonde én as 'n etiese deurwerking van die sonde. Omdat dit juridies is, omdat dit die toorn van God behels, het versoening 'n basiese plek in die Skrif en in Skrifgesag. Dit is belangrik om op hierdie feit te let, omdat selfs in sommige gereformeerde kringe die saak van versoening en van die toorn van God oor die sonde ontken of misken word.⁹

Genesis leer ons dat die dood ingetree het. Vandaar dat die goddelike gesag paradoksaal werk. Die strafdreiging van God, naamlik die dood, het ingetree, maar terselfdertyd handhaaf God sy verlossing. God het die mens daar in die tuin van Eden nie voor die dood weggered nie, maar red hom úit die dood; Hy het hom nie

voor die ondergang weggered nie, maar red hom uit die ondergang uit — dus paradoksaal.

Dit is ook die karakter van ons bestaan. God vrywaar ons nie van rampe en teëspoede nie, maar skenk ons redding daaruit. Ons moet eendag sterwe, Hy red ons nie voor die dood weg nie, maar Hy red ons daaruit, Hy laat ons die dood oorwin. So oefen God sy gesag uit in 'n wêreld waarin die dood ingetree het. Ons sien hierdie paradoksale aspek onmiddellik as God die doodstraf oor Adam uitgespreek het, want dadelik volg daar: „en die man het sy vrou Eva genoem omdat sy die moeder geword het van alles wat lewe” (Gen. 3 : 19, 20). Doodstraf, maar tog lewe! Ons vind dit ook in die naam van Set: „En sy het 'n seun gebaar en hom Set genoem. Want, het sy gesê, God het my 'n ander kind geskenk in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgeslaan het” (Gen. 4 : 25). In hierdie verband is die naamgewing aan Set se seun Enos ook belangrik (Gen. 4 : 26): Enos beteken „mens”, maar veral die mens gesien in sy swakhed, verganklikheid, sterflikheid. Die mens in sy sterflikheid is soekende. Hy soek deur die Naam van die HERE, Jahwe, aan te roep. Ons ken daardie Naam uit die gebeurtenis toe God Homself aan Moses geopenbaar het as: „Ek is wat Ek is”. Hy is die lewende God, die God wat lewe is en wat sy gesag laat voortgaan ondanks die dood en oor die dood. Ook oor die lewe. Ons lewe het iets van 'n paradoksale karakter, volgens die Nuwe Testament is ons vreemdelinge in hierdie wêreld, vreemdelinge en tog burgers. Trouens laasgenoemde, die positiewe, dra die hoofaksent. Ons leef, ons kan en mag nie weglug uit die wêreld nie, maar tog is ons vreemdelinge in die wêreld (vgl. bv. Ef. 2 : 19; Filip. 3 : 20). Ons is vreemdelinge, maar tog kan en moet die blydskap ons lewe beheers (Filip. 1 : 4, 25; 2 : 2, 17, 29; 3 : 1; 4 : 1, 4, 10).

Ons sien die paradoksale aspek van die menslike bestaan ook in die geslagsregister in die begin van Genesis. Telkens hoor ons die refrein in Genesis 5: „en hy het gesterwe”. Die doodsdreiging oor die eet van die verbode boom het dus ingetree. Maar heel paradoksaal klink daar te midde van die droewe refrein: „en Henog was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem” (Gen. 5 : 24). Die lewe het die laaste woord.

Die eerste hoofstukke van Genesis sê vir ons die geskiedenis van die mensdom stuur af op die dood. Volgens die gslagsregister van Genesis 11, wat net ná die geskiedenis van die toringbou van Babel volg, word die mense se leeftye al korter en korter, dit eindig met Abraham en Sara wat onvrugbaar is. Die lyn loop dus dood, morsdood. Maar uit daardie doodlooplyn laat God Isak gebore word. Daar kom lewe uit verstorwe ouers, lewe uit die dood. Dit bring ons weer by die saak van dankbaarheid of vertrouwe. As God Abraham opdrag gee om hierdie seun van hom te gaan offer, gaan dit nie om gehoorsaamheid nie, maar om geloof, en wel opstandingsgeloof. Waarom het Abraham sy seun gaan offer? Die antwoord is: nie bloot uitgehoorsaamheid omdat God gesê het hy moet dit doen nie, want die opdrag stry tog teen wat God as verbod aan die mens gestel het. Maar Abraham het geglo dat God, wat reeds

bewys het dat Hy mag het om hierdie kind uit die dood te laat gebore word, ook mag het om nou hierdie kind uit die dood op te wek en voort te gaan om sy beloftes te vervul.¹⁰ Dit het Abraham geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Hy is die vader van die gelowiges. Daarom geld dit vir alle gelowiges dat hulle opstandingsgeloof moet hê, dat hulle God se soewereiniteit moet erken, sy seggenskap oor lewe en dood, nie net as iets wat Hy kán doen nie, maar wat Hy in dër daad doen.

Waarom stel God so 'n eis aan Abraham? Die antwoord is om die mens te laat verstaan dat hy bereid moet wees om hom in die dood te gee, want hy glo aan God as die God wat lewe uit die dood wek. Abraham moet sy eie lewe gee; en sy kind is sy lewe. Isak is daartoe bereid; sonder teëstribbeling laat hy sy vader begaan. Ook hier geld dus die eis van God tot absolute onderworpenheid van die mens met sy hele wese, met sy hele denke, met sy kennis van goed en kwaad. Dit is 'n eis tot in die dood. Dit eis dus nie slegs van ons 'n gesindheid teenoor die Woord nie, maar dit eis ook 'n instelling ten opsigte van jouself. Dit is nie net 'n rasionele saak, naamlik hoe ek die Skrif moet benader nie, maar 'n relasionele saak, naamlik hoe ek myself moet aflê aan God wanneer ek met sy Woord te doen het.¹¹

Die Woord gaan oor iets paradoksaals. Die hele geskiedenis van Israel is een groot geskiedenis van lewe wat God weer elke keer uit ondergang moet wek, lewe uit die dood. Maar die woord *werk* ook paradoksaal, dit kom en sê vir die mens: jy is dood in die sonde, jy kan nie God se Woord hou nie; en tog eis die Woord dit, en sorg ook self daarvoor dat dit deurgevoer word. Dit kom duidelik uit in Abraham se geskiedenis. As God Abraham roep, reageer Abraham pragtig en doen wat God sê. In dieselfde hoofstuk is hy egter ongelowig, lieg hy vir die farao en sê dat Sara sy suster is. Dit is ongeloof aan die belofte van God. Maar God laat tog sy werk voortgaan deur hierdie selfde Abraham. Die Woord gaan voort.

Maar die Woord eis ook iets paradoksaals. Soos ons reeds gesien het, eis dit die geloof aan die opstandingskrag, die afsterwe van myself en my eie denkwyse. Daar moet dus ook wel iets gebeur, daar moet iets by my in beweging kom.

Die paradoksale by die prediker

En nou so 'n bietjie 'n wyer draai, want ons het nie net met die teologiese aspek te doen nie, maar met gemeentes, met die gelowiges. Mense kry nie net op 'n rasionele manier met die Skrifgesag te doen, naamlik deur die Bybel self daar voor hulle nie. Hulle kry selfs nie in die eerste plek daarmee te doen nie. Hulle kom gewoonlik met die Skrifgesag in aanraking deur die prediking. Verder ook deur die getuienis van die gelowiges. En daaruit moet ook hierdie paradoksale blyk. Daarop het die profete hulle beroep vir die gesag van die Woord wat hulle gebring het. Hulle het gesê dit is nie hulle Woord nie, dit is nie wat hulle wil sê nie, hulle wou dikwels glad nie eers kom nie, en sou iets anders wou ver-

kondig. Maar God het hulle in sy greep geneem. Die profete kom dus in 'n sekere sin paradoksaal.¹²

As daar vir Jesus gevra word om 'n teken te gee, antwoord Hy dat geen ander teken gegee sal word nie, behalwe dié van Jona, Jona wat drie dae en drie nagte in die ingewande van 'n vis was. So sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die ingewande van die aarde wees (Matt. 12 : 38—41). Dit is iets paradoksaals, die teken van lewe, maar lewe uit dood. Nog 'n voorbeeld uit die Nuwe Testament is Gal. 1. As Paulus sy gesag moet verdedig, sê hy dat dit wat hy verkondig, nie is wat hy wou gebring het nie. Hy het intendeel die gemeente vervolg. Maar iets paradoksaals het gebeur, God het hom gedwing. Hy wat die gemeente vervolg het, hý moet nou hierdie dinge kom verkondig.

So moet daar ook by ons iets daarvan blyk dat ons gegryp word deur die Woord, dat ons gegryp is deur die liefde van God en die liefde van Christus. Dit is iets paradoksaals: dit gaan teen my begeertes en teen my wil in, dit gaan dalk teen my grein in en teen my belange in. Dit is dus 'n saak van selfverloëning, van diensbaarheid. Dit is liefde, liefde wat betuig en betoon kan word vanweë die opstandingskrag van Jesus Christus. Dít is ons praktiese erkenning van Skrifgesag. Want as die Skrif nie gesag het oor my lewe nie, wat beteken dit dan? Dit gaan om die krag van die Woord in my eie lewe, oor myself, en daarom ook déur my na buite.

Maar dit moet ook uitkom in ons *vertroue*, die vertroue dat God seggenskap het oor lewe en dood. Hoe donker die toekoms ook al is of mag lyk, God gee lewe in hierdie wêreld waarin die dood ingetree het. Daarom moet ons die vertroue hê om die toekoms tegemoet te gaan as mense wat uit die opstandingskrag lewe, en wat daarom lewe met vreugde, met blydschap, met roepingsbewustheid. Dit is ook veral vir ons nodig in die omstandighede waarin ons vandag verkeer.

Die persoonlike verhouding tussen God en mens

Maar daar moet ook nadruk gelê word op die persoonlike verhouding tussen mens en God in hierdie eerste hoofstukke van Genesis. „God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het hy hom geskape; man en vrou het hy hulle geskape” (Gen. 1 : 27). Hier gaan dit om God in 'n persoonlike verhouding tot 'n persoonlike mens: 'n mens as persoon en nie as 'n groep nie. En nou hoef ons nie te struikel en lang redenasies te probeer voer oor die vraag of hierdie woorde kollektief bedoel word nie, naamlik dat God mense geskape het. As ons Gen. 5 : 1 in gedagte hou, is dit duidelik dat die bedoeling hier is dat God een mens geskape het en dat sy naam Adam was. Al sou dit in Gen. 1 : 26, 27 kollektief verklaar kon word, in 5 : 1 kan dit in elk geval nie. „Die mens” benadruk hier die eenheid van die mensdom. Die skynbaar blote herhaling wat volg, naamlik: „na die beeld van God het Hy hom geskape”, het betrekking op die mens as enkeling, om te benadruk dat die mens as enkeling beeld van God is. Dan volg daar: „man en vrou het Hy hulle (meervoud) geskape”, of: „manlik en vroulik

het Hy hulle geskape". So belangrik is die mens as enkeling dat selfs manlik en vroulik onderskei word en dat God nie sê Hy het die mens man-en-vrou na sy beeld geskape nie. Nee, Hy het die man sowel as die vrou na sy beeld geskape.

Dit is belangrik om ook op die volgende te let: met baie groot nadruk word juis die persoonlike, individuele skepping van die mens teenoor die van ander skepele gestel. Ander skepele word groepsgewyse geskape. Telkens volg die woorde: „na hulle soorte”. Die mens word egter nie as ’n soort geskape nie, maar na die beeld van God. Die een God maak na sy beeld een mens. Gen. 1 : 26, 27 sê minstens dat die een God elke mens persoonlik na sy beeld geskape het.

Om hierdie persoonlike, individuele, aspek te misken, is myns insiens ook ’n miskenning van die historiese karakter van die Ou-Testamentiese godsopenbaring. Nie alleen is hierdie openbaring in ’n groot mate vir ons in ’n historiese vorm gegee nie, maar dit sê ook aangaande sigself dat dit op ’n historiese punt afstuur, naamlik op die dag van Jahwe. En die Nuwe Testament laat duidelik sien dat dit saamtrek in die sterwe en opstanding van Jesus Christus. Christus self sê dit ook. Hy het aan die Emmausgangers al die dinge uit die Ou Testament wat op hom betrekking het, uitgelê. En dit gaan in sy gesprek spesifiek oor sy dood en sy opstanding.

Die mens is dus nie groepsgewys geskape nie. Daar is trouens ’n klimaks in Gen. 1: eers is daar skeidinge; so word die eerste paar dae gekenmerk. Die ander dae of ander skeppinge word gekenmerk deur groeperinge van die geskape dinge na hulle soorte. Dan volg die skepping van die mens wat gekenmerk word as ’n eenheid: die mens geskape na die beeld van God.

Natuurlik is die mens nie individualisties geskape nie, maar verbondsmagtig. Verbondsmagtig beteken aan die ander kant egter nie sosialisties nie. Vir laasgenoemde benadering verdwyn die mens in die groep. Daarom het die opstanding van die dooies volgens dié beskouing weinig of geen betekenis nie: die mens moet maar tevrede wees om in die nageslag voort te leef.¹³

Die historiese karakter van die openbaring van God

Ten slotte moet gewys word op die historiese karakter van die openbaring van God soos dit ook in die eerste hoofstukke van Genesis na vore kom. Die ou mitologieë het ’n sikliese benadering gehad, sonder historiese begrip. Hulle begrip van skepping en van die dinge in die wêreld het groot ooreenkoms vertoon met die eksistensialistiese benadering van vandag. Alles is op die hier en die nou toegespits. Dit reik in elk geval niks verder as die siklusse van die jaarseisoen nie. Daarteenoor kom die skrywer van Genesis en trek ’n historiese lyn. Die kom veral duidelik na vore in Gen. 2 : 4. Nadat die skepping van die hemel en aarde en alle dinge voltooi is tot by die skepping van die mens en die rus van God op die sewende dag, word daar ’n historiese lyn getrek deur die uitdrukking: „dit is die geskiedenis (toledoot) van hemel en aarde”. En hierdie begrip toledoot, so het Holwerda,¹⁴ die ontslape Ou-

Testamentiese teoloog van Kampen (Vrijgemaakt), oortuigend aangetoon, sê nog meer as geskiedenis. Toledoot gryp terug op dit waarvan reeds sprake was en handel dan oor iets wat daaromtrent volg. Die toledoot van hemel en aarde is dit wat nou verder daaruit volg of daaruit voortvloei. Die toledoot van Tera is byvoorbeeld nie sy eie geskiedenis nie, maar die geskiedenis van sy seun Abraham (Gen. 11 : 27 vlg.).

Die uitdrukking maak dus 'n historiese verbandlegging: 'n vasygrype aan die verlede, 'n vasknoping aan die hede en 'n verbinding met die toekoms. En so kom die toledoot-begrip op verskillende plekke in Genesis voor en bind die godsopenbaring saam as 'n eenheid, as 'n geskiedenis, vanaf die skepping tot die aartsvader Jakob se verblyf in Egipte. Hierdie geskiedenis loop op 'n natuurlike manier oor in die uittog uit Egipte en die wetgewing by Sinai. Die uittog is die historiese gebeurtenis waarheen telkens in die Ou Testament teruggegryp word. Die wetgewing is in die verbond ingebed, en die verbond het weer ten nouste verband met die opskrif stelling. Dadelik by die wetgewing word gemeld dat dit opskrif gestel is.¹⁵ Daarom raak dit uiteindelik ook die Skrifgesag, waarop hier nie verder ingegaan kan word nie aangesien hierdie voordrag hom net bepaal tot die eerste hoofstukke van Genesis.

Ons moet die sake dus openbaringshistories bekyk. So moes dit reeds by die eerste mens gewees het toe hy die verbod van God gehoor het. Hy moes die verbod gesien het as 'n verbod van die God wat hy reeds geken het as die God wat vir hom gesorg het. Nie net wat God gesê het (die verbod) is belangrik nie, maar ook wat Hy gedóén het nog voor Hy die verbod gegee het.

So was dit ook toe Abraham sy seun moes gaan offer. Sy geloof het nie net aangesluit by wat God gesê het nie, naamlik die opdrag om Isak te offer nie, maar ook by wat God gedoen het, naamlik dat hy Isak laat gebore word het uit verstorwenheid. Ook by Isak en Jakob lê God die verband met wat Hy gedoen het, deur te sê dat Hy die „God van jou vader Abraham” of van Isak is. Daarmee wys Hy na die verbondsverhouding waarin Hy Abraham en Isak met Hom verbind het. Ook wanneer Hy die wet gee, lê hy die verband met wat hy bedoen het, naamlik dat Hy Israel uit Egipte uitgelei het (Ex. 20 : 2).

Aangesien die historiese element so belangrik is, is die eskatologiese ook so belangrik en mag dit ook nooit by ons vervlugtig word en op die agtergrond raak nie. Die wederkoms van Christus mag nie in ons preke ontbreek nie.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis

Afsluitend 'n verwysing na artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die boeke wat ons as gesagvol aanvaar. In dié artikel word die soewereiniteit van God na vore gebring: „ons aanvaar hierdie boeke as die boeke van God waarop ons ons geloof rig, waarop ons dit grond en waarmee ons dit bevestig”. Maar hierdie artikel bring ook iets relasioneels, iets oor 'n relasie na vore. Dit sê: „En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is, en dit nie juis

omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is". Dit gaan dus ook om die persoonlike verhouding met God, om die Heilige Gees wat ons laat buig voor die Woord. Hy laat ons in der daad buig sodat ons onder die heerskappy van die Woord staan, maar dan ook in 'n lewende verhouding met God. Verder laat die artikel ook iets van die paradoksale aard van die Woord na vore kom as dit stel dat selfs blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, gebeur. Wat kan 'n blinde tas wat in dié verband gebeur? Die duidelikste dink wat hulle kan tas, is dat die hele Ou-Testamentiese openbaring uitloop op die dood en opstanding van Jesus Christus, dit wat Christus dan ook self aan die Emmausgangers uitgelê het (Luk. 24 : 25—27). Hulle kan tas dat die hele Ou Testament saamtrek in iets wat gebeur het, wat histories plaasgevind het. Hulle kan tas dat ons lewe hier op aarde 'n redding uit ondergang is, vreemdelingskap maar ook burgerskap, lewe uit die dood, 'n lewe wat wedergeboorte vra, 'n bekeerde lewe ondanks die sonde. Dit gaan dus om wat God gedóen het, nie alleen om wat God voorspel het of wat Jesus geleer het nie. Dit gaan om God se heerskappy. Hy beheers die geskiedenis. Dood en opstanding beheers elke boek van die Ou Testament, dit beheers die geskiedenis van kerk en wêreld, dit beheers ons eie lewe hier en aan die einde. Dit gaan dus om God se absolute gesag oor lewe en dood, oor my hele menswees, ook oor my denke; ek moet myself afsterwe aan God. Dit gaan om God se genadige, onverbreeklike verbondsgemeenskap wat nooit verbreek is nie, ook nie deur ons sonde nie. En dit vanweë die dood en opstanding van Jesus Christus wat histories die eerste Adam se mislukking vir ons vervang het met dit wat Hy as versoeningswerk vir ons gedoen het.

* Voordrag gelewer by die Aktualiteitskursus aangebied deur die Teologiese Skool op Potchefstroom, Augustus 1976.

-
- 1 Behalwe kommentare oor Genesis het daar die afgelope paar jaar heelwat geskifte oor die eerste hoofstukke van Genesis verskyn. Van Gereformeerde kant is daar bv. dié van prof. N. H. Ridderbos (Beskouingen over Genesis 1) volgens wie Gen. 1 'n kader gee, d.w.s. nie 'n kronologiese tydsorde nie, maar 'n logiese orde of voorstelling. Prof. W. H. Gispen hou vas aan die letterlike verklaring (Schepping en Paradijs). Volgens prof. S. du Toit (Openbaringsgeskiedenis van die O.T., en: Bybel, Skepping, Evolusie) gee hierdie hoofstukke profetiese geskiedskrywing sodat ons nie altyd met 'n tydsorde te doen het nie, maar sodat tyds- en logiese orde vermeng is. Volgens prof. H. M. Kuitert (in bv. Verstaat gij wat gij leest? en Anders gezegd) is hierdie openbaring, soos ook dié in die res van die Skrif, tydgebonde. Dit geld nie alleen die taal en beelde nie, maar ook die inhoud. Daarom moet ons dit „verder vertel” met ons meerdere kennis wat veral deur die wetenskap en tegniek verkry is. Anders as in die

ou statiese wêreldbeeld van die skrywer se tyd, is daar nie meer in ons dinamiese wêreldbeeld plek vir die aanvaarding dat die mens onsterflik geskape kon gewees het nie. Verder, Adam het nie werklik bestaan nie, maar is 'n leermodel of interpretasiemodel wat die skrywer gebruik om sekere gedagtes oor die mens se bestaan tuis te bring. Skepping, sondeval en verlossing is nie dinge wat na mekaar plaasgevind het nie, maar is verskillende kante van die menslike bestaan. Die mens is 'n sondige wese, maar is self daarvoor verantwoordelik.

Volgens prof. B. J. Oosterhoff (Hoe lezen wij Genesis 2 en 3?) gee Genesis 2 en 3 geskiedenis, maar dit word in beelde uitgedruk, soos bv. die lewensboom in die tuin.

In sy nuutste werk (Adam en Eva) wat so pas verskyn het, verset prof. J. H. Kroeze hom teen sowel die opvatting van Kuitert as Oosterhoff. Hy sien dit so dat die dinge wat God doen, beskryf word soos hulle van die mens se kant af besien en beleef word. Daarby gebruik God „boustene” uit die oudoosterse wêreld om die geskiedenis te beskryf. Die tuinverhaal is 'n voortreflike weergawe van wat gebeur het. Ons kan dit maar *Paradysgeskiedenis* noem. Adam en Eva was historiese persone, produk van God se openbaringsmense. Alle mense waarvan Gen. 1 praat, stam nie van hulle af nie, maar hulle is kollektiewe verpersoonliking van almal, kollektiewe persoonlikhede.

Prof. J. L. Koole (Scripture and History, RES Conference on Scripture, Sydney, 1972) bepleit 'n benadering waarin die feitlikheid vasstaan van die mededeling oor wat gesê is en gebeur het, sonder dat die mededeling oor wat gesê is en gebeur het, sonder dat die mededeling en feit geïdentifiseer word. Die Skrif gee proklamasie, verkondiging, nl. van Gods verlossing in Christus, en is nie in die feite as sodanig geïnteresseerd nie maar is gerig op persoonlike oorgawe van die hart. Ware gesag laat homself geld. As koning Josia die wetboek in die tempel vind, lei dit tot 'n verbondsluiting voor die HERE. Die teruggekeerde ballinge in Esra se tyd ween as hulle na die wet luister. Die Emmausgangers sê dat hulle harte brandende was toe Jesus die Skrifte aan hulle uitgelê het.

Die omvattendste en jongste en waarskynlik duurste kommentaar — dit verskyn sedert 1968 in aflewering en beslaan nou hoofstuk 1 tot 11 — is die van C. Westermann. Genesis. Biblischer Kommentar A.T. Hy verskaf ook uitgebreide literatuurverwysings.

Vgl. verder J. L. Helberg: Openbaringsgeskiedenis van die O.T. I. Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1976.

- 2 Ek volstaan met verwysing na 2 werkies waarin van dié tendense bespreek word en bronne aangehaal word: J. A. Heyns: Teologie van die revolusie. Tafelberg-uitgewers, 1975; L. Floor: Die gesagskrisis. In die Skriflig, 5, 20 Des. 1971, 3—11.
- 3 Vgl. bv. J. Barr: The Old Testament and the new crisis of biblical authority. Interpretation, XXV, 1. Jan. 1971, 24—40: „The authority of the Old Testament is being eroded today, not so much by opposition as opposition as disinterest — a neglect fostered by the general distrust of authority”, p. 24.
- 4 Vgl. vir die nadere bespreking van hierdie en die volgende stelling, my artikel: Genesis 1 vlg. en die persoonlike karakter van die koninkryk van God, in: Die saailand is die wêreld. Jubileum-uitgawe van die Hamanskraalse Teologiese Skool.

18 In die Skrifig

- 5 Die O.T. gebruik die vader-kind-beeld uiters spaarsaam om die verhouding tussen God en mens aan te dui. Dit beteken egter nie dat die O.T. in die algemeen hierdie intieme verhouding nie geken het nie. Die spaarsame gebruik was eerder om die gedagte van verwantskap wat so sterk by die omwonende nasies voorgekom het, by die wortel af te sny. Die psalmdigters spreek God byvoorbeeld dikwels intiem aan as „my God”.
- 6 Hierdie feit loën dus die benadering van die sogenaamde krisisteologie.
- 7 Hoewel ek groot waardering het vir J. A. Heyns en sy teologiese standpunte, kan ek hom nie gelyk gee in sy uitgangspunt van 'n teologie van gehoorsaamheid nie. Vgl. bv. sy rede voor die teologiese konferensie van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Sydney, 1972. So 'n uitgangspunt is te veel oopgestel vir formalisme en legalisme. Vgl. ook sy *A Theology of obedience*, in: *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bevordering van Christelike Wetenskap*. 36. April 1973, 27—41.
- 8 Hierdie gedeelte het dus ook belangrike implikasies in verband met wetenskapsbeoefening en stel in der daad die eis om 'n gelowige wetenskapsbeoefening.
- 9 Vgl. bv. die probleme wat Wiersinga se opvattinge op die oomblik in die Gereformeerde Kerke in Nederland veroorsaak.
- 10 Hierdie aksent op die geloof word ook uitdruklik deur Hebreërs 11 : 17—19 na vore gebring. Daarom kan ek die swaar aksent wat gewoonlik in die verklaring van Gen. 22 op gehoorsaamheid gelê word ten koste van geloof, nie onderskryf nie. Vgl. bv. A. van Selms: *Genesis deel II*. P.O.T. Nijkerk, 1967.
- 11 Dit beteken nie dat die mens sy verstand moet aflê of opoffer en irrasioneel of onmondig moet optree nie. J. Bright wys tereg so 'n standpunt af: *The Authority of the Old Testament*. London, 1967, p. 20. Die mens en sy verstand kom eers ten volle tot sy reg as hy optree in ooreenstemming met wat hy is: beeld, afbeelding, skadubeeld van God, wat in homself geen bestaansreg of -moontlikheid naas God het nie.
- 12 Vgl. bv. J. L. Helberg: *Openbaringsgeskiedenis van die O.T. II, Pro Rege, Potchefstroom, 1976, 63 vlg.*
- 13 Vgl. bv. H. M. Kuitert: *Anders gezegd*. Kampen, 1970, 148—150; 160, 161.
- 14 *Historia Revelationis Veteris Testamenti*, Deel I, Oudtestamentische Voorzichten, nagelaten door prof. B. Holwerda (gehouden in de collegejare 1946—1952), Copiëerinrichting Van den Berg, Broederweg 6, Kampen, 15. Holwerde sê bv. die volgende oor die uitdrukking in 2 : 4: „In Gen. 1 : 1 tot 2 : 3, hebben we het verhaal van de schepping van hemel en aarde. Daarmee heeft God een begin gesteld. Nu vraagt de schrijver zich af: wat is de toledôt van hemel en aarde, toen ze geschapen waren? Hoe ontwikkelde zich dat? Wat kwam er uit voort in de historie?” Die skrywer van Genesis sien die skepping 1 : 1—2 : 3) en die Paradys met die daaropvolgende gebeurtenisse buite die Tuin (2 : 4 tot 4 : 26), dus nie as blote lering oor 'n ewigdurende herhaling of kringloop, of oor 'n tydlose toestand nie, bv. die toestand van geskapeheid en tegelyk van sondigheid nie. Hy sien dit nie as 'n mite of 'n sage nie, d.w.s. as 'n lering wat ontstaan het uit die eeuelange waarneming van die aarde bestaan nie. Deur die gebruik van die woord toledôt sê hy: dit is historiese gebeurtenisse wat een maal gebeur het en afgehandel is, en wat deel is van 'n voortgaande historiese lyn: Vanaf die skepping oor Adam, Noag se seuns, Sem, Tera, Ismael, Isak, Esau tot by Jakob (2 : 4; 5 : 1;

6 : 9; 10 : 1; 11 : 10; 11 : 27; 25 : 12; 25 : 19; 36 : 1; 37 : 2). Die skrywer gee dus Goddelike openbaring wat dit omwonende nasies se gedagte van 'n tydlose kringloop of tydlose toestand deurbreek en dit as geskiedenis tipeer. Kyk ook Van Selms: a.w., vir die feit dat tōledōt in Gen. 2 : 4 nie op die voorafgaande slaan soos dikwels, veral deur voorstanders van die literêre bronne-teorie, voorgestaan word nie, maar op dit wat volg.

- 15 Vgl. vir 'n breë bespreking van die saak, M. G. Kline. *The structure of biblical authority*. Grand Rapids, 1972. Volgens Kline dra die hele struktuur van die O.T. 'n verbondskarakter. Daarvan is op skrif stelling dan, soos by die wetgewing, 'n wesenlike bestanddeel.